**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 388/2011

In die saak tussen:-

| | |
|---|---|
| **LYNETTE VAN DER WALT N.O.** | Applikante |

en

| | |
|---|---|
| **DAVID ARTHUR FLANEGAN N.O.** | 1ste Respondent |
| **SUSANNA MARIA VAN COPPENHAGEN N.O.** | 2de Respondent |
| **DIE MEESTER, VRYSTAAT Hoë HOF, BLOEMFONTEIN** | 3de Respondent |
| **DIE REGISTRATEUR VAN AKTES, VRYSTAAT PROVINSIE** | 4de Respondent |
| **DAVID ARTHUR FLANEGAN N.O.** | 5de Respondent |
| **LYNETTE VAN DER WALT N.O.** | 6de Respondent |
| **LINDA ANN FLANEGAN (McKAY) N.O.** | 7de Respondent |
| **ELIZABETH CATHARINA VAN DER LINDE N.O.** | 8ste Respondent |
| **MARY-LEE VAN DER MERWE N.O.** | 9de Respondent |

---

**AANGEHOOR OP:** 1 DESEMBER 2011

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, R

---

**GELEWER OP:** 8 DESEMBER 2011

---

[1] Die applikante doen aansoek om 'n bevel dat die eerste en tweede respondente gelas word om vordering in die bedrag

van R4 140 947,00 van vier minderjarige kinders in die bereddering van die bestorwe boedel nommer 10765/2005 van Arthur James Flanegan, die oorledene, (hierinlater die "oorledene" genoem), te erken en te noteer, hangende die instel van 'n aksie vir gemelde vordering binne drie maande na finalisering van hierdie aansoek. Applikante vra verder dat eerste en tweede respondente gelas word om nie voort te gaan met die transportering van die plase Corn Flats 319, distrik Winburg, groot 521,1255 hektaar en Craiglee 1978, distrik Winburg, groot 258,3015 aan die trustees van die Grasmere Trust en/of aan enige ander instansie hangende die regshulp om ingestel te word soos hierin tevore na verwys.

[2] Die oorledene wat op 29 Oktober 2005 oorlede is, het met sy dood 'n testament agtergelaat ingevolge waarvan hy sy vaste bates, naamlik die plase Cornflates en Craiglee, bemaak het aan die trustees van die Grasmere Trust. Die eerste respondent is aangestel as eksekuteur in hierdie boedel. Ingevolge die trustakte is die minderjarige kinders van die applikant (en die oorledene) die enigste kapitaalbegunstigdes.

[3] Dit blyk dat die applikant in haar verteenwoordigende hoedanigheid aanvanklik namens die gemelde minderjarige kinders ‘n eis by die eksekuteur ingedien het, ten opsigte van die onderhoud vir gemelde kinders. Op 22 November 2006 en te Bloemfontein het die partye egter bymekaar gekom waarna ‘n skikking bereik is. As gevolg van hierdie skikking is die vorderings van die applikante teruggetrek, asook die beswaar teen die boedel en het die applikante ook die Meester versoek om die likwidasie- en distribusierekening goed te keur.

[4] Dit blyk dat die administrasie van die boedel reeds afgehandel is en is dit slegs die transportering van die twee plase wat nog uitstaande is, welke plase transporteer moet word aan die trustees van die Grasmere Trust. Die Meester van die Hoë Hof het ook reeds die boedelrekening bekragtig.

[5] Die vereistes vir die verlening van ‘n tussentydse interdik is

> “(a) a *prima facie* right;
>
> (b) a well-grounded apprehension of irreparable harm if the interim relief is not granted and the ultimate relief is

eventually granted;

(c) that the balance of convenience favours the granting of an interim interdict; and

(d) that the applicant has no other satisfactory remedy.

In view of the discretionary nature of an interim interdict these requisites are not judged in isolation and they interact."

(**The Law of South Africa**, onder redaksie van Joubert, Vol 11, paragraaf 403)

[6] Wat die applikant se *prima facie* reg betref, is van belang om daarop te let dat die partye 'n skikking aangegaan het op 22 November 2006 en dat al die belanghebbende partye alreeds uitvoering aan hierdie skikking gegee het. So boer die applikante self op die plaas Corn Flats en verklaar sy in hierdie verband die volgende:

"Die rede waarom nie voortgegaan is met die aanvanklike eis teen die boedel nie is reeds volledig by meermale mee gehandel in die funderende beëdigde verklaring en herhaal ek wat in die verband gesê is, naamlik dat na aanleiding van die ooreenkoms dat die plaas Corn Flats se gebruiksreg aan my toegeken word vir die voordeel van die voordeel van die vier minderjarige kinders, nie voortgegaan word met die onderhoudseis ten

> aansien van die vier minderjarige kinders nie."

[7] Ten opsigte van die posisie van die eerste respondent, verklaar die applikante die volgende:

> "Ek betwis dat eerste respondent hom gebonde hou aan die aanvanklike besluit dat die plaas Cornflats gebruik moet word tot voordeel van die vier minderjarige kinders."

asook

> "Indien eerste respondent en die ander twee trustees hulle gebonde gehou het aan die inhoud van die besluit sou ek nie hierdie aansoek ten behoewe van die vier minderjarige kinders gebring het nie."

[8] Voormelde aanhalings plaas nie alleen 'n vraagteken ten opsigte van applikant se *prima facie* reg nie, maar ook ten aansien van die feit dat die applikante oor alternatiewe regshulp beskik in die sin dat as die eerste respondent of die ander trustees hulle nie gebonde hou aan die inhoud van hierdie besluit nie, sy geregtig is om hierdie skikking af te dwing deur spesifikasie nakoming daarvan te vorder.

[9] ‘n Verdere probleem is dat die applikante nie aangetoon het dat daar onherstelbare skade gely kan word indien die aangevraagde regshulp geweier sou word. Mnr. Burger het aan die hand gedoen dat dit die partye sal noodsaak om bymekaar te kom ten einde die aangeleentheid op te los. Regtens is die vereiste van onherstelbare skade nie deur die applikante aangetoon nie.

[10] Wat die uitoefening van ‘n hof se diskresie betref, is dit van belang om te let wat in **LAWSA** a.w. paragraaf 408 in hierdie verband verklaar word:

> “Instances of the court’s exercising is discretion against the applicant where the applicant displayed a cynical disregard of the law and where there was *an undue delay* in launching the proceedings.”

Vergelyk **<u>JUTA & CO LTD v LEGAL AND FINANCIAL PUBLISHING CO (PTY) LTD</u>** 1969 (4) SA 443 (K) te 445 C – F; **<u>NATIONAL COUNCIL OF SOCIETIES FOR THE PREVENTION OF CRUELTY TO ANIMALS v OPENSHAW</u>**

2008 (5) SA 339 (HHA) te 346 par. [18].

[11] Dit is belangrik om daarop te let dat hier ‘n tydsverloop van vyf jaar was alvorens die applikante hierdie hof genader het vir die aangevraagde regshulp. Verder is die administrasie en bereddering van die boedel in geheel alreeds afgehandel en is dit slegs die transportering van gemelde twee plase wat nog uitstaande is. Dit is na my mening nie sinvol om in hierdie omstandighede die finalisering van die boedel ten opsigte van die oordrag van gemelde eiendomme langer agterweë te laat nie. Die applikante se aansoek kan dus nie slaag nie.

[12] Wat wel van groot belang is, is dat die partye bymekaarkom en poog om die huidige aangeleenthede vriendskaplik te skik en die aangeleentheid op ‘n sakegrondslag te plaas. Daar is die bewering in die stukke dat die plaas Corn Flats met gemak verhuur kan word vir ‘n bedrag van R130 00,00 en oorweging kan daaraan geskenk word dat ‘n persentasie van die inkomste van die betrokke eiendom beskikbaar gestel word vir die onderhoud van die vier minderjarige kinders. Hoe dit ook al sy, daar rus ‘n groot verantwoordelikheid op

die partye om ‘n oplossing vir die huidige dooie punt te vind. Verdere litigasie sal net tot nadeel van al die belanghebbendes, veral die minderjarige kinders, wees.

[13] Bygevolg word die aansoek van die hand gewys met koste.

**S.P.B. HANCKE, R**

Namens die applikante: Adv. A.H. Burger SC
In opdrag van:
Kramer Weihmann & Joubert Ing
BLOEMFONTEIN

Namens die respondente: Adv. S.J. Reinders
In opdrag van:
Honey Ingelyf
BLOEMFONTEIN

/sp